www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUA[GE]

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Oefening 1**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate het punte verbeur deur sinsdele direk uit die teks neer te skryf wanneer dit nie ’n logiese antwoord op ’n vraag is nie. Vir vraag 7 het verskeie kandidate byvoorbeeld net “Sanlam-pryswenner” geskryf, terwyl ’n volsin nodig was om begrip te toon.

**Oefening 2**

Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul, maar sommige het nie fyn genoeg gelees nie en die verkeerde posadres en e-posadres ingevul.

Dit was duidelik dat sommige kandidate nie die woord ‘draf’ verstaan het nie en dit gevolglik nie kon invul as ’n sportsoort waaraan die persoon in haar vrye tyd deelneem nie.

**Oefening 3**

Kandidate het redelik goed gevaar in hierdie oefening. Hulle moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te gebruik nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan.

**Oefening 4**

Alhoewel heelwat kandidate die opsomming goed hanteer het, het verskeie ook hul eie algemene kennis van volstruise in hul antwoord gebruik. Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en so ver moontlik in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en oor die onderwerp kon skryf. Daar was verskeie baie goeie skryfstukke. Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die volgende gee:

- die korrekte vorm vir ’n brief: ’n datum bo regs, ’n gepaste aanhef en ’n gepaste slot
- logiese paragraafverdeling (ten minste drie paragrawe word geadviseer).

**Algemene foute:**

- nie genoeg aandag aan die gebruik van volsinne nie
- korrekte punktuasie
- die korrekte gebruik van hoofletters
- die spelling van ‘hallo’ en ‘asseblief’
- die verskil tussen ‘sal’ en ‘wil’
- die gebruik van ‘kuier’ en ‘besoek’
- die verskil tussen ‘nag’ en ‘aand’
- die gebruik van ‘begin’ en ‘einde’
- iets eindig/begin **om** …
- iemand aflaai/oplaai
- *What time* = Hoe laat
- **Waarheen** gaan jy?

www.PapaCambridge.com

- Jy gaan **saam** met iemand …

**Oefening 6**

**Vraag 1**: ’n Aantal kandidate het gesukkel om te verduidelik dat die illustrasies op en in Fourie se boek a dié in ’n sprokiesboek herinner.

**Vraag 2**: Sommige kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken of hulle dit verstaan het.

**Vraag 3**: Verskeie kandidate het “vir die pret” geantwoord, terwyl die vraag (“Vir wie ...”) aandui dat die antwoord na mense moet verwys.

**Vraag 4**: ’n Aantal kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken dat hulle dit werklik het verstaan. Kandidate moet herinner word om na albei sake te verwys wanneer hulle twee goed vergelyk.

**Vraag 5**: Alhoewel hierdie vraag oor die algemeen goed beantwoord is, het baie kandidate hul antwoord direk uit die teks gehaal.

**Vraag 6**: Verskeie kandidate het nie besef hulle moet hier noem dat die stories dikwels nie – soos die werklikheid – ’n goeie einde het nie.

**Vraag 7**: Verskeie kandidate het geprobeer om die vraag te beantwoord deur direk uit die teks neer te skryf, terwyl hulle ’n verduideliking moes gee.

**Algemene kommentaar:**

- Kandidate moet die vrae in hul eie woorde probeer beantwoord.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.

**Oefening 7**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. ’n Algemene fout was dat hulle nie gekonsentreer het op wat **skoliere** kan doen om die aarde te red nie.

Daar was twee algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Min kandidate het die formaat en styl van 'n koerantberig gevolg.
- Min kandidate het in paragrawe geskryf.

Die koerantberigte toon dat benewens algemene foute ten opsigte van leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die ontkennende vorm, verskeie kandidate nie mooi weet hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie. Dit bly iets wat aandag moet kry.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/02**

**Listening**

## Algemene kommentaar

Dit is verblydend dat ’n aansienlike deel van die kandidate goeie punte behaal het vir hierdie luisterbegripvraestel.

’n Aantal kandidate het egter swak presteer. Dis moontlik dat hulle nie genoeg aan gesproke Afrikaans blootsgestel is nie, want hul antwoorde wys dat hulle die gesprekke en/of die vrae op die vraestel nie goed verstaan het nie. Luistervaardighede kan en moet gereeld geoefen word. Luisterbegrip sal slegs verbeter as kandidate die taal meer dikwels hoor, veral wanneer hulle in ‘n gemeenskap of omgewing woon waarin daar geen direkte ondersteuning vir Afrikaans is nie.

Taal- en spelfoute is nie in ag geneem by die puntetoekenning nie, solank die woorde herkenbaar was en kandidate getoon het dat hulle die teks verstaan het. Sommige kandidate het woorde as antwoord op ’n vraag neergeskryf volgens die klanke wat hulle gehoor het, sonder dat daar bewys was dat hulle die woorde verstaan het. Slegs wanneer foutief gespelde woorde begrip getoon het, is punte toegeken.

Swakker kandidate het soms redelike punte behaal in die eerste twee oefeninge waar hulle nie woorde hoef neer te geskryf het nie.

Kandidate word aangeraai om die potloodantwoorde eers uit te vee, voordat hulle met pen begin skryf, indien die tyd dit enigsins toelaat. Hulle moet ook probeer om leesbaar te skryf.

## Kommentaar op spesifieke vrae

**Oefening 1: Vrae 1-6**

Die meeste kandidate het nie met hierdie oefening gesukkel nie. Van al die oefeninge, het hulle oor die algemeen hiermee die beste gevaar en talle het volpunte behaal. Die dra van sitplekgordels is waarskynlik 'n onderwerp waarmee hulle kon identifiseer en wat hulle goed verstaan.

**Oefening 2: Vrae 7-11**

Oor die algemeen is daar nie goed gevaar in hierdie oefening nie, hoewel bevoegde kandidate wel dikwels volpunte behaal het. Daar moes baie aandagtig en fyn luister geluister word vir die regte woorde om die presiese antwoorde te kon gee, bv. om te kan onderskei tussen plekname in die luisterteks.

Kandidate moet versigtig wees dat hulle nie soms meer as een blokkie merk nie en omdat hulle nie ’n punt kan verloor as hulle verkeerd antwoord nie, moet hulle al die vrae probeer beantwoord.

**Oefening 3: Vrae 12-19**

Die luisterteks oor die slim snuffelhond Sparky is oor die algemeen goed verstaan en die vrae bevredigend beantwoord. Dit was duidelik uit hul antwoorde dat baie kandidate nie die betekenis van die woord ‘aantal’ (**Vraag 13**) ken nie.

**Oefening 4: Vrae 20-27**

Dit was nie ’n baie maklike teks nie, maar nogtans het baie kandidate hier volpunte behaal. Sommige het die woord ‘rente’ verwar met die Engels woord *rent*. Dit was opvallend dat die meeste kandidate, ook diegene wat goeie luisterbegrip toon, nie woorde soos ‘hoeveel’, ‘kassier’, ‘uitgee’, ‘nodig’, ‘weet’ en ‘kyk’ kan spel nie.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/05**

**Oral**

## General comments

The standard of assessment improves every year, and it is clear that this session the instructions for examining were carefully studied and adhered to. The Examiners who conducted the Oral are to be commended for the quality of their work.

Generally the recordings were clear, and the change from cassette to CD recording in many cases enhanced sound quality. Teachers are still advised to check the recordings for volume, as sometimes it was difficult to hear what candidates were saying.

Examiners should remember that the introduction and announcements at the beginning of the recording should always be done in Afrikaans and not in English.

## Comments on the conversations

It was a pleasure to listen to the conversations and hear the candidates talk about a range of topics.

In a few cases, teachers exceeded the three minutes warm-up, which is not assessed. This meant that there was less time for the real, assessed conversation. The whole conversation should last between 12 and 15 minutes to give the candidates sufficient time to show their Afrikaans communication skills. Some of the conversations lasted only ten minutes or less which is to the disadvantage of the candidates.

In general, assessment was accurate and in line with the mark scheme. There were some cases where the small number of weaker candidates could have been given higher marks than were actually awarded. Only if a candidate can really only answer in one to two words can a mark of 3 – 4 be awarded. Examiners should always bear in mind that is a Second Language examination.

The mark scheme encourages examiners to reward fluency above all, and candidates who can answer in full sentences can be given marks in at least the 7 – 8 band. The mark for fluency will usually be the highest of the three categories. Marks for structure and vocabulary are usually similar: candidates lacking a grasp of grammatical structure tend not to be able to use vocabulary correctly (and vice versa). The marks do not have to be the same for these two categories but a vast difference is unlikely.

Overall, the Orals went very well and the Moderators would like to thank the Examiners for their contribution towards their success.